BabyGym®
Institute South Africa

SUKSES stories

Refluks verdwyn na BabaGim suig- en metaboliserings-oefeninge

Cynthia de Smit

Ons baba dogtertjie, Tiana is op 7 Desember 2012 met ‘n keiser in die wêreld gebring. Elke keer wanneer ek haar gevoed het, het sy melk opgebring. Partykeer het dit gelyk soos ‘n wind wat sy gesluk het en dan het sy net bietjie melk uitgespoeg, ander kere het sy ‘n boog melk opgebring.

Met haar ses weke ondersoek het ek aan die Pediater genoem dat Tiana melk opbring en sonder om toetse te doen, het die Pediater vir Tiana met refluks gediagnoseer en medikasie voorgeskryf; ek moes ook van daar af vir Tiana spesiale formule-melk gee. Met tye was die opbring minder maar as ek Tiana se hoeveelheid melk by haar ouderdom moes aanpas (vermeerder) het dit weer vererger. As ‘n eerste keer Mamma was ek moedeloos, ek het nie geweet wat om te doen nie. Ek is toe met dieselfde probleem na ons huisdokter toe, hy het vir my gesê ons gee vir haar teveel melk, hy het haar gewig gebruik en haar melk-hoeveelheid uitgewerk en medikasie voorgeskryf. Nie een keer is daar mediese toetse gedoen om vas te stel of Tiana werklik refluks het nie.

Tydens die BabaGim Instrukteursopleiding het ek van die Vagus-senuwee geleer en so ook hoe massering en suigoefeninge die spysverteringstelsel aanhelp. Skielik het ek Tiana se probleem verstaan, sy is nie normaal gebore nie en dus is die suigrefleks om haar kroontjie nie tydens geboorte gestimuleer nie; en na haar geboorte het hospitaal-personeel ook nie vir my gewys hoe om haar kroontjie te masseer om die suigrefleks aan te wakker nie. Die gevolg is dat ek haar net vir 8 weke kon borsvoed, want sy kon nooit reg aan my bors “latch” nie en my borsmelk het opgedroog.

Omdat ek as BabaGim Instrukteur klasse aanbied, het ek vir my man gevra of hy die klasse sal bywoon en die oefeninge op ons baba-dogtertjie in klas sal toepas. Hy het ingestem en ons het BabaGim 2: Ferm grondslag met haar voltooi. Sy was 8 maande oud toe ons die BabaGim klasse met haar begin doen het en sy was toe steeds op die spesiale formule-melk spesifiek vir refluks. Ons het gereeld die Vagus-senuwee gestimuleer, en ook die BabaGim oefeninge vir suig- en metabolisering herhaal, daar was dadelik ‘n verbetering. 6 Weke nadat ons die BabaGim oefeninge met Tiana begin doen het was daar alreeds ‘n merkwaardige verandering in haar voeding, sy het nie meer melk opgebring nie en sy kon na gewone formule-melk oorskakel.

Vandag glo ek sy het nooit regtig refluks gehad nie, ek dink eerder sy het sleg gesuig omdat haar suigrefleks nie van die begin af goed gestimuleer is nie en dat die res van die verteringsproses dus daardeur versteur is. Ek het self ervaar dat BabaGim regtig natuurlike ontwikkeling naboots en met genoeg herhaling iets kan regstel wat voorheen nie n plek was nie, in ons geval was dit Tiana se suigrefleks.

p : 011 888 5434 m : 082 301 5860 f : 086 618 9038 e : institute@babygym.co.za
53 8th Street Linden, Johannesburg, 2195 . PO Box 44389 Linden, Johannesburg, 2104
www.babygym.co.za